

25 Oktober

Hebreërs 12:4-15

(Teks: 12:15)

Bitterheid-saad

'n Mens se binneste is soos 'n tuin waarin mense saadjies saai. Daar is goeie saad wat in ons gesaai word. Dit sluit dinge in wat ons gelukkig, dankbaar en entoesiasies maak. Goeie uitslae, vordering, liefde en omgee is sulke positiewe saad. Vir ons as gelowiges spoor dit aan om op aarde te lewe soos God van ons verwag.

Maar daar is ook negatiewe saad. Dit is negatiewe dinge wat gebeur wat 'n mens verbitterd kan maak as jy toelaat dat dit in jou lewe wortelskiet, in jou binne-tuin groei.

God waarsku ons hierteen in *Hebreërs 12:15*: "*Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie*"

Al ooit te nagekom gevoel? Al ooit seergemaak gevoel? Al ooit teleurgesteld gevoel? Al ooit gevoel mense verstaan jou nie; waardeer jou nie; misbruik jou net?

Selfs al voel jy jy het die reg om so te voel, is dit nie reg om die ongelukkigheid in jou nie vertroetel nie. Bitterheid kom nie vanself nie. Dit groei in 'n mens wanneer jy toelaat dat negatiewe saadjies in jou vassteek. En dit bring lelike vrugte voort. Dit maak van jou 'n ongelukkige mens. Van tyd tot tyd bars dit uit in geweldige aggressie of gaan dit oor in depressie, stilstupe, wrede opmerkings, en dies meer.

In die natuur kan saad maklik weggespoel word. 'n Goeie reën bui spoel grassaad weg wat teen 'n wal geplant is. Maar as die gras eers wortel geskiet het, is dit groot werk om dit daar weg te kry. Dit geld ook vir negatiewe dinge wat in ons lewens wil wortel skiet. Daarom moet verontregte gevoelens so vinnig moontlik uit die weg geruim word terwyl dit nog net 'n saadjie is.

Om dit reg te kry moet ons kan vergewe. Vir ons wat glo, het God deur Christus alles vergewe. Deur op sy beurt ander te vergewe, doen ek nie net wat God my vra nie, maar wys ek ook aan my Here hoe dankbaar ek is vir my eie verlossing.

Teen wat verkeerd is moet opgetree word, maar nie op 'n sondige manier nie. Ons moet altyd onthou dat ons ook oortreders is. Ons Here Jesus Christus was bereid om vir ons sondes te sterf. Hy wil nie hê dat bitterheid van ons lelike mense maak nie. Hy wil hê dat ons gedryf moet word deur ons verbasing en dankbaarheid oor God se liefde. Soos wat Hy gedoen het, moet ons ook bid vir die wat ons te na gekom het: "*Vader, vergeef hulle, hul weet nie wat hul doen nie*".

Dr. H.G. Stoker (Pretoria-Sunnyside)